

2 - 4 Maart 2018

## GAMTOOS 100+



Dit was hierdie jaar SAWA Oos-Kaap se beurt om die 100+ aan te bied. Ons het op Gamtoos Ferry besluit aangesien dit altyd heerlik is om daar te kamp en Jeffreysbaai net om die draai is indien die mense bietjie wil uitgaan.

Liana en Frans is reeds Donderdag na die kamp toe om die lede van Klein Karoo wat vroeg gekom het te ontvang. Dit het lekker gereën, maar dit keer mos nie die kampers om lekker te kuier nie.

Vrydag het die res van die gevolg by hulle aangesluit. Ons gebiedsvoorsitter, Willem Nel, het boekevat behartig, waarna daar heerlike worsbroodjies geëet is. Dit het weereens gereën. Daar is lekker musiek geluister en onder die SAWA tent gekuier.

Saterdag het elkeen hul eie gang gegaan. Dit het weer gereën en tussen die reën deur het ons drama met die vlieë gehad. Maar ons laat ons mos nie so maklik afsit nie. Saterdagmiddag is die tent in gereedheid gebring vir die 100+ funksie. Saterdagmiddag om ses uur was dit boekevat waarna die 100+ funksie begin het. Daar was sjerrie as 'n verwelkomings drankie en 'n heerlike souttertjie vir voorgereg.







Steve Lambrechts het vir ons liedjies gespeel en die mense moes raai wat die liedjie se naam asook die sanger was. Die hoofgereg was heerlike hoender-, groente- en beespotte wat deur oom Tjaart gemaak is. Dit is bedien saam met samp, koring en rys. Die ete is afgesluit met koekstruif as poeding.



Denzil en Fransie Strydom van streek Strelitzia het die prys gewen vir die bes gekleede paartjie. Die Lambrechts gesin was die babas van die 100+. Dit was 'n heerlike aand van lekker lag en kuier.



Sondag het Johan van Vuuren vir ons boekevat gedoen waarna ons lekker koek en koffie geniet het. Die lede het maar begin om op te pak om die tog terug huis toe aan te durf. Dit was 'n baie suksesvolle kamp. Baie dankie aan al die bestuurslede vir jul harde werk asook nie-bestuurslede wat gehelp het om van die kamp 'n sukses te maak. Sonder julle hulp sou dit definitief nie 'n sukses gewees het nie. Baie dankie ook aan almal wat donasies gegee het asook op en af gery het om goed op te tel en na die kamp te vervoer. Ek wil nie name noem nie, want ek is bang ek los iemand uit. Ons sien uit na die 100+ wat volgende jaar deur Strelitzia aangebied gaan word.



Veilig sleep. Tot volgende keer.

- Ischke Lambrechts